DIE VOORTREKKERMONUMENT EN NATUURRESERVAAT (MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK)

Akte van Oprigting

Kragtens die Akte van Oprigting van die Maatskappy Sonder Winsoogmerk, is die hoofbesigheid van die maatskappy **om Die Voortrekkermonument en omliggende natuurreservaat in ontvangs te neem, te behou en vir die nageslag te bewaar**.

Die hoofbesigheid word in die Akte van Oprigting verder soos volg omskryf:

- Die verkryging, instandhouding en bewaring van die Voortrekkermonument en die omliggende natuurreservaat ten einde te verseker dat die Voortrekkermonument behoorlik onderhou, bewaar en beheer word.

- Om enige ander monumente, natuurreservate, of enige ander bate wat in die wydste sin van die woord as van publieke belang beskou kan word, in ontvangs te neem, te behou en te bewaar.

- Om enige roerende bate, insluitend beelde, skilderye, ander kunsvoorwerpe of enige item van historiese waarde, te ontvang, te behou en te bewaar.

- Om alleen of in samewerking met ander persone, instansies of organisasies enige diens te lewer wat in die wydste sin van die woord betrekking het op die bewaring van enige roerende of onroerende bate.

- Om deur middel van fondsinsameling op enige wyse fondse te bekom om die doelstellings van die maatskappy uit te voer.